# AFRIKAANS LANGUAGE

**Paper 8679/01**
**Speaking (Optional)**

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.

CAMBRIDGE International Education

© 2024

# AFRIKAANS LANGUAGE

**Paper 8679/02**
**Reading and Writing**

## Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Vraag 1** moes leerders:

- sinonieme vir gegewe woorde in die teks soek; en
- die sinonieme akkuraat oordra.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 2** moes leerders:

- die aanvangswoorde van sinne gebruik om gegewe sinne te herformuleer; en
- hul vermoë toon om sinne grammatikaal te manipuleer.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 3 en 4** moes leerders:

- ’n teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- toepaslike inligting in die teks identifiseer
- antwoorde formuleer wat logies op die vrae volg; en
- vrae duidelik, doeltreffend en sover moontlik in hul eie woorde beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 5(a)** moes leerders:

- die opdrag verstaan
- inligting uit beide tekste gebruik om ooreenkomste en verskille in die tekste te identifiseer; en
- die ooreenkomste en verskille bondig en logies in ’n samehangende paragraaf opsom.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 5(b)** moes leerders:

- persoonlik reageer op ’n vraag wat op die tema van die tekste gebaseer is; en
- ’n gemotiveerde respons in ’n bondige paragraaf verskaf.

## Algemene kommentaar op die hele vraestel

### Vraag 1

- Leerders met ’n groter blootstelling aan Afrikaans vind dit makliker om hierdie vrae te beantwoord.
- Hulle word aangemoedig om te toets met watter sinonieme in die teks die gegewe woorde logies vervang sou kon word.

### Vraag 2

- Leerders word aangemoedig om na te dink oor hoe die gegewe eerste woorde van elke antwoord ingespan kan word om ’n logiese en grammatikaal korrekte herskrywing van die gegewe sinne te verskaf.
- Dit is noodsaaklik om die gegewe sinne goed te bestudeer en seker te maak dat al die elemente daarin in die antwoord vervat word.


© 2024

**Vraag 3 en Vraag 4**

- Leerders word aangemoedig om die teks eers te vluglees om 'n gevoel vir die strekking te kry, dit dan aandagtig te lees, vervolgens die vrae te lees, en laastens die vrae een vir een te herlees en met verwysing na die teks te beantwoord.
- Leerders moet seker maak hulle verstaan wat in elke vraag van hul verwag word.
- Hulle moet seker maak elke antwoord volg logies op die vraag.
- Leerders moet die paragraafverwysings by die vrae noukeurig volg ten einde vrae doeltreffend te beantwoord.
- Dit is noodsaaklik dat leerders hul taalkennis deurgaans nadenkend toepas sodat hulle nie onnodige foute begaan nie.
- Vrae word op so 'n wyse gestel dat sinne nie uit die teks oorgeskryf kan word nie. Leerders moet dus besef hulle moet self antwoorde vir vrae formuleer.

**Vraag 5**

**(a)**
- Leerders word aangemoedig om sinvolle ooreenkomste en verskille in die tekste te identifiseer.
- Daar word aanbeveel dat hulle eers slegs op die ooreenkomste en dan slegs op die verskille fokus (of andersom, indien hulle sou wou).
- Hulle kan ingedagte hou dat daar een punt per ooreenkoms en twee punte per verskil beskikbaar is.
- Daar word van leerders verwag om ooreenkomste en verskille hoofsaaklik in hul eie woorde te formuleer.

**(b)**
- Omdat hierdie opdrag 'n persoonlike respons van leerders verwag, is dit noodsaaklik dat hulle hul eie gemotiveerde antwoord op die vraag gee.

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

**Vraag 1**

**(a)** Hoewel talle leerders die vraag korrek beantwoord het, was twee algemene verkeerde antwoorde 'versprei' en 'teëkom'.

**(b)** Die meeste leerders het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(c)** Leerders wat verkeerdelik 'groot hoeveelheid' in plaas van 'massa' geantwoord het, het nie ag geslaan op die instruksie dat hulle in ''n woord' moes antwoord nie.

**(d)** Baie leerders het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(e)** Baie leerders het hierdie vraag korrek beantwoord, hoewel heelwat verkeerdelik 'versprei' of 'teëkom' geskryf het.

**Algemene kommentaar vir Vraag 1**

Leerders kan beslis in gedagte hou dat die vrae die volgorde van die teks volg.

- Indien leerders onseker is of 'n antwoord reg is, moet hulle toets of dit logies in 'n spesifieke sin pas.
- Die meeste leerders het die woorde uit die teks korrek neergeskryf.
- Daar word nie van leerders verwag om reëlverwysings by hul antwoorde te skryf nie.
- Groter blootstelling aan gesproke en geskrewe Afrikaans sal leerders help om beter in hierdie vraag te vaar.

**Vraag 2**

**(a)** Alhoewel sommige leerders die vraag korrek beantwoord het, het die meerderheid 'was' in plaas van 'is' geskryf.


© 2024

**(b)** Talle leerders het die vraag korrek beantwoord, maar sommige het die punt verbeur deur nie 'ook net so' volledig voor 'versprei' in te sluit nie.

**(c)** Min leerders het besef dat 'dan' in die teenwoordige tyd na 'toe' in die verlede tyd verander. Baie het 'dan' net geïgnoreer en sodoende die punt verbeur.

**(d)** Slegs leerders wat die hele voorwerp ('fopnuus oor die sukses van 'n produk') korrek kon identifiseer, kon die vraag korrek antwoord.

**(e)** Dit was 'n sin wat die meeste leerders reg gekry het. In 'n sin soos hierdie een is dit egter belangrik om te onthou dat 'n werkwoord soos 'bly' nie sommer na byvoorbeeld 'is' verander kan word nie.

**Algemene kommentaar vir Vraag 2**

- Leerders moet aandag gee aan die korrekte woordorde ná voegwoorde soos 'dat'.
- Leerders moet begryp hoe 'word', 'is' en 'sal word' in die lydende/passiewe vorm gebruik word.
- Dit is noodsaaklik om te verstaan hoe werkwoorde in die verskillende tye verander, maar nie verander indien 'n sin se tyd nie verander nie.
- Leerders moet aandag gee aan die konsekwente gebruik van persoonlike en besitlike naamwoorde in die direkte/indirekte rede.
- Begrip van die rol van die onderwerp en die voorwerp in 'n sin behoort leerders te help om sinne doeltreffend tussen die lydende en die bedrywende vorm om te skakel.
- Dit is belangrik om aandag te gee aan hoe 'n sin se bou verander as dit met 'n bysin/sinsnede in plaas van 'n hoofsin/onderwerp begin (of andersom).

**Vraag 3**

**(a)** Dit was 'n redelik maklike eerste vraag en talle leerders het die volle 2 punte vir kort antwoorde met die werkwoorde 'glo' en 'versprei' behaal.

**(b)** Leerders moes paragraaf 3 noukeurig lees om hierdie vraag korrek te beantwoord deur te verwys na vier redes waarom mense fopnuus maklik glo, naamlik as hulle dit kan lees en sien, as die naam van 'n bekende persoon of organisasie gebruik word, en as daar soveel inligting gegee word dat mense te lui is om dit ordentlik te lees.

Leerders wat 'hoor' by 'sien' en 'lees' ingevoeg het, het 'n punt verbeur, want die teks noem duidelik dat mense fopnuus makliker glo as hulle dit sien en lees in plaas van hoor.

Talle leerders het punte verbeur deur sinne uit die teks oor te skryf sonder om genoeg ag te slaan op wat gevra is.

**(c)** In hierdie antwoord wat op paragraaf 3 gebaseer is, moes leerders na beide fopnuus en skinder verwys – hulle kon nie net byvoorbeeld sê fopnuus se skeppers wil hulleself bevoordeel en ander benadeel of dat fopnuus reeds lank bestaan nie.

Sommige leerders het die fout begaan om te sê dat beide fopnuus en skinder onwaar is, wat nie noodwendig die geval is nie en beslis nie in die teks gesê of geïmpliseer word nie.

**(d)** Leerders het meestal verstaan wat om te antwoord, maar dit dikwels onbeholpe gedoen. Hulle benodig oefening om verskille doeltreffend uit te druk, byvoorbeeld: Die skepper wil mense paniekerig maak, maar die verspreider wil mense help.

Leerders benodig ook oefening om toepaslike inligting uit 'n paragraaf te onttrek eerder as om onnodige inligting saam met die korrekte inligting in te sluit.

**(e)** Dit was 'n vraag waarin skerper leerders beter gevaar het omdat hulle daarin geslaag het om na die teks as geheel te kyk en die doel daarvan te identifiseer. Talle leerders het een of twee punte behaal, maar min kon opsom dat die skrywer wou verduidelik wat fopnuus is, mense daarteen wou waarsku en lesers wou aanmoedig om krities te dink.

**Vraag 4**

CAMBRIDGE
International Education
© 2024

**(a)** In hierdie antwoord moes leerders noem dat *The Sun* eers 'n sukkelende/onsuksesvolle koerant was, maar toe vir 'n rukkie die koerant met die grootste sirkulasie ter wêreld was. Hulle moes dus wys hoe die koerant se posisie verander het. Baie leerders het een punt behaal vir die tweede gedeelte van die bostaande sin, maar verskeie het verkeerdelik gesê die hele wêreld het die koerant gelees.

**(b)** Hier moes leerders verduidelik waarom die joernalis spesifiek na John Herschel verwys het. Baie leerders het korrek genoem dat hy wel by die sterrewag in Kaapstad gewerk het en dat sy pa, William, die beroemde sterrekundige was wat Uranus ontdek het. Min leerders het egter genoem dat Locke juis die naam van 'n bekende persoon gebruik het om sy fopnuus geloofwaardig te maak.

**(c)** In hierdie 4-puntvraag moes leerders veral ag slaan op die woord 'ontwikkel' – hulle moes die progressie in die inhoud van Locke se artikels bespreek. Hulle moes dus aandui waarop sy artikels eerste, daarna, toe en laastens gefokus het. Die volgorde word duidelik in die teks gegee.

**(d)** In hierdie antwoord moes leerders die inligting in paragraaf 8 gebruik om 'n afleiding oor die koerant se aandadigheid aan die verspreiding van Locke se fopnuus te maak. Dit was nie genoeg om slegs te sê wat die professore gevra het of wat die koerant se reaksie daarop was nie. Hulle moes noem dat die koerant verskonings gemaak het en nie bereid was om Locke se sketse vir die professore te wys nie en/of gesê het die teleskoop is intussen deur die son se strale vernietig.

Die vraag het op die koerant gefokus, daarom was dit verkeerd om te sê Locke (i.p.v. die koerant) wou nie die sketse vir die professore wys nie.

**(e)** Min leerders was in staat om sinvol te reageer op hierdie vraag wat vir 'n bespreking van die skrywer se gebruik van humor gevra het. Om die vraag doeltreffend te beantwoord, moes hulle dink aan wat die berig snaaks gemaak het – die spottende titel, die spottende toon, die oordrywing, die onrealistiese beskrywings, die humoristiese aanhalings, die humoristiese slot, ens.

**Algemene kommentaar vir Vraag 3 en 4**

- Dit is noodsaaklik dat leerders aandag gee aan die woorde in die opdrag: *Antwoord sover moontlik in jou eie woorde en moenie hele sinsdele woordeliks uit die teks neerskryf nie*. Sommige leerders voer hierdie opdrag te ver deur te voel hulle mag nie enige woorde uit die teks gebruik nie, wat natuurlik verkeerd is. Die waarskuwing is teen die bewustelike of klakkelose oorskryf van sinne uit die teks.
- Basiese taalfoute soos 'gehaad' of 'gehê' in plaas van 'gehad', spelfoute soos 'he' in plaas van 'hê' en verwarring tussen byvoorbeeld 'se' en 'sê', 'self' en 'selfs', 'ander' en 'anders' en 'tyd' en 'keer' lei daartoe dat leerders punte verbeur.
  Voorbeeld:
  – 'Die koerant maak verskoning en se hulle het nie die sketse nie' – die gebruik van 'se' in plaas van 'sê' veroorsaak dat die punt verbeur word.
- Die verkeerde gebruik van voornaamwoorde – soos die eerste persoon in plaas van die derde persoon of vroulike in plaas van manlike voornaamwoorde – kan daartoe lei dat 'n andersins korrekte antwoord ongeldig raak.
- Leerders word herinner om in hul antwoorde slegs te verwys na die paragrawe wat by elke vraag aangedui word.
- Slegs inligting uit die teks moet gebruik word om die vrae te beantwoord; nie leerders se eie ervaring of kennis nie. In **Vraag 5(b)** kry hulle die geleentheid om hul eie mening te lug.

**Vraag 5**

**(a)** Dit blyk dat leerders wat hul opsomming eers beplan, dikwels bevoordeel word. Leerders kan aangemoedig word om die leë bladsye agter in die antwoordboek vir beplanning te gebruik.

In die beste antwoorde het leerders eers die ooreenkomste tussen die tekste en dan die verskille bespreek. Hulle het hul gedagtes duidelik, logies en hoofsaaklik in hul eie woorde uitgedruk. Hulle het ook ongeveer 100 woorde gebruik.

Enkele leerders het die tekste se titels, publikasiedatums, bron en aantal paragrawe verkeerdelik as verskille genoem.


© 2024

**Algemene kommentaar vir Vraag 5(a)**

Leerders kan aan die volgende wenke herinner word:

- Maak seker jy verstaan op watter aspekte van die tekste jy moet konsentreer.
- Beplan jou antwoord.
- Verwys slegs na sinvolle ooreenkomste en verskille.
- Fokus eers op die ooreenkomste en dan op die verskille – elke ooreenkoms kan in een sin beskryf word en elke verskil kan óf in een langer sin óf in hoogstens twee korter sinne beskryf word.
- Onthou dat elke ooreenkoms een punt en elke verskil twee punte kan verdien.
- Skryf bondig en logies.
- Wees spesifiek; nie vaag nie.
- Moenie idees met aanhalings staaf nie.
- Gee aandag aan jou taalgebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

**(b)** Die meeste leerders kon oor die onderwerp skryf en talle het na hul eie ervaring van fopnuus en die voorkoms van fopnuus in die sosiale media verwys. Die beste antwoorde het kortliks redes gegee waarom leerders wel fopnuus kan hanteer of nie en het duidelik 'n persoonlike reaksie op die vraag verskaf.

**Algemene kommentaar vir Vraag 5(b)**

Leerders kan aan die volgende wenke herinner word:

- Gee jou eie gemotiveerde antwoord op die vraag.
- Stel jou standpunt bondig, logies en duidelik.
- Moenie net na die standpunte in die tekste verwys nie; voeg jou eie idees by.
- Gee aandag aan jou sinsbou en taalgebruik.

**Nuttige uitdrukkings om in Vraag 5(b) te gebruik**

- Na my mening ...
- Ek is van mening ...
- My standpunt is ...
- Ek stem saam dat ...
- Die voordele is ...
- Die nadele is ...
- Ten slotte ...


© 2024

# AFRIKAANS LANGUAGE

**Paper 8679/03**
**Essay**

## Kernboodskappe

Van die kandidate is verwag om oor een van die opdragte wat in die vraestel verskaf is, te skryf. Hulle moes nie net hul taalvermoë toon nie, maar ook hul vermoë om ’n bepaalde argument te struktureer en hul standpunt(e) ten opsigte van ’n spesifieke beskouing te motiveer. Punte is daarom toegeken vir sowel taalvermoë (24) as inhoud (16). Kandidate met ’n swakker taalvermoë was dikwels nie daartoe in staat om hul standpunte duidelik te formuleer nie, of ’n argument sinvol te voer nie, terwyl kandidate met ’n beter taalvaardigheid uiteraard in staat was om ’n hoër punt te behaal weens hul vermoë om hul opstel meer sinvol rondom ’n bepaalde beskouing te struktureer.

Meestal het kandidate punte verbeur deur ongrammatikale sinskonstruksies, gebrek aan woordeskat (met gepaardgaande gebruik van Engelse woorde) en willekeurige gedagtegang, asook herhaling van reeds gestelde idees. In sommige opstelle is die opdrag verkeerd geïnterpreteer, met gevolglik ’n negatiewe impak op die inhoudsbepunting.

## Algemene kommentaar

Sommige kandidate het punte verloor omdat hulle nie die onderwerp reg lees en by die onderwerp hou nie:

- By **Onderwerp 1** het sommige kandidate, in plaas daarvan om die gejaagdheid van die lewe in die stad te vergelyk met die stadiger tempo van lewe op die platteland, verval in ’n bespreking van die voor- en nadele van die stadslewe teenoor lewe op die platteland. Baie het ook ‘platteland’ slegs geïnterpreteer as ‘plaas’.

- By **Onderwerp 2** het sommige kandidate geneig om te fokus op die nadele van kitskos en reeds voorbereide kos eerder as om die vraag te debatteer, naamlik of kookklasse verpligtend behoort te wees op skool.

- Sommige kandidate wat **Onderwerp 3** gekies het, het geborduur op die voor- en nadele van sport of verval in vertellings oor wat sport vir hulle beteken.

- Sommige kandidate wat **Onderwerp 4** gekies het, het die begrip ‘kultuur’ vereng tot slegs koskultuur.

Kandidate wat **Onderwerp 5** gekies het, het meestal goeie opstelle geskryf.

Vanjaar was daar ’n relatief goeie verspreiding ten opsigte van die opdragte wat deur die kandidate gekies is, alhoewel **Opdrag 3** (*Sport*) by die meer gewilde onderwerp was. Hiernaas volg **Opdrag 2** (*Kos en drank*), **Opdrag 1** (*Stad en platteland*, **Opdrag 5** (*Oorlog en vrede*) en laastens **Opdrag 4** (*Kultuur en erfenis*).

Die kandidate was meestal goed voorberei vir hierdie stelwerkvraestel, waarskynlik beter as wat dit die geval was verlede jaar. Nie net het die kandidate in die breë ’n goeie begrip vir die gekose opdrag getoon nie, maar in die beter opstelle was daar ook ’n duidelike inleiding met ’n toepaslike gevolgtrekking in die slotparagrawe te bespeur. Daar was wel kandidate wat nié hul opstel vooraf beplan en dit skematies uiteen gesit het nie. Die gevolg was ’n ongestruktureerde opstel waarin dieselfde gedagtes en beskouings herhaal is.



© 2024

ʼn Laaste opmerking: ʼn Probleem was die onvanpaste en onjuiste gebruik van idiome en/of spreekwoorde; besmoontlik omrede kandidate 'idiomatiese taalgebruik' as riglyn assosieer met idiome terwyl dit inderwaarheid verband hou met woordorde, dubbele ontkenning, korrekte voorsetsels, ensovoorts, en nié met 'die appel val nie ver van die boom af' of 'die koeël is deur die kerk' nie. In die meeste gevalle gee die geforseerde gebruik van idiome aanleiding tot ʼn onvanpaste en onnatuurlike segging wat eerder afbreuk doen aan die betrokke opstel as bydrae tot die gehalte daarvan.

Ander punte van belang, is die volgende:

- Sommige kandidate se handskrif is moeilik om te lees.
- Kandidate gebruik die voorsetsel 'vir' oormatig en onnodig, bv. Ek sien vir jou môre. Voorsetselgebruik is oor die algemeen swak.
- Sommige kandidate sukkel met die korrekte idiomatiese taalgebruik in Afrikaans en hulle sinne lees dan soos ʼn direkte vertaling uit Engels.
- Woordorde bly ʼn probleem, veral die woordorde na 'dat'. Sommige kandidate sukkel ook met die dubbele 'nie' in Afrikaans.
- Engelse woorde word gebruik waar kandidate nie die Afrikaans ken nie. Dit blyk dat gebrekkige woordeskat ook ʼn probleem is.

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

**Opdrag 1**

Oor die algemeen het die kandidate die opdrag goed verstaan en is die vraagstelling wel beantwoord, ten spyte van mistastings – sommige kandidate het bloot ʼn vergelyking tussen die voor- en nadele van stad versus platteland geskryf, sonder om op die vraagstelling van rustigheid teenoor gejaagdheid (lewenstempo) te fokus. Daar is ook heelwat meer vervat in die begrip 'platteland' as ʼn idilliese (geromantiseerde) plaaslewe, maar min kandidate het hierdie aspek aangespreek.

**Opdrag 2**

ʼn Kenmerk van hierdie opdrag was dat ʼn beduidende aantal kandidate sonder die nodige beplanning en gepaardgaande besinning begin skryf het. Die gevolg hiervan was ʼn ongestruktureerde opstel waar bepaalde stellings op lukrake wyse gemaak en herhaal is. Veralgemenings het vry algemeen voorgekom sonder om die kernaspek van die stelsin – dat kookklasse op skool verpligtend gemaak moet word – aan te spreek. Nog ʼn kenmerk van hierdie opdrag was dat sommige kandidate bloot oor gesonde eetgewoontes geskryf het en het dit die indruk gewek van ʼn voorbereide opstel. Terloops, van die meer interessante (en beter) opstelle was waar die kandidaat verskil het van die stelsin en op die praktiese komplikasies van 'verpligte' kookklasse as deel van die kurrikulum gelet het.

**Opdrag 3**

In ʼn groot mate is die kommentaar op **Opdrag 2** ook hier van toepassing aangesien sommige kandidate hierdie onderwerp dalk as die 'makliker' een geïdentifiseer het en daaroor begin skryf het sonder enige, of baie min, besinning vooraf. Inmiddels is daar meer gefokus op die belang van sport as komponent van ʼn gesonde leefstyl, as die minder positiewe aspekte soos oormatige mededinging en die skade wat berokken word aan selfbeeld en sosiale diskriminasie. Die interessantere opstelle het ook (onaanvaarbare) toeskouergedrag by hul betoog betrek.

**Opdrag 4**

Interessant genoeg was dit dikwels die kandidate wat verskil het van die stelsin, naamlik dat kultuur en identiteit mekaar onderling bepaal, wat beter gevaar het. Daarteenoor het kandidate wat wel met die stelling saamstem, selde verder gedink as die voor die hand liggende argumente sonder om te besin oor wat 'kultuur' (groepsidentiteit) en 'identiteit' (persoonlike identiteit) wesenlik behels. Die kandidate wat wel by magte was om die onderwerp sinvol te beredeneer, én hul opstelle effektief te struktureer, het uitstekende punte behaal.

**Opdrag 5**


© 2024

Kandidate wat ten gunste van hierdie onderwerp gekies het, het oor die algemeen besonder interessante werk gelewer; waarskynlik omrede die teenstelling in die opdrag hulle gedwing het om eers deeglik te besin. Die eindresultaat was meestal ’n sinvolle, goed gestruktureerde betoog oor die onderwerp. Nogtans het ’n getal kandidate net oor die vernietigingskrag en ontwrigting van oorlog geskryf sonder om die uiteindelik oogmerk van vrede daarby te betrek.



© 2024